"voedingsaanspraak" 'n voorstelling wat verwys na 'n spesifieke nutriënt- of voedselbestanddeelinhou van 'n bepaalde voedingsmiddel, naamlik 'n nutriëntinhoudaanspraak of 'n vergelykende aanspraak;

"voedingsmiddels vir spysenieringsdoeleindes" voedingsmiddels wat bedoel is vir gebruik in die gasvryheldsdienste, skole, hospitale en soortgelyke instellings;

"voedselbestanddeel" enige biologies aktiewe stof, uitgesonderd 'n nutriënt, wat natuurlik in sekere voedingsmiddels teenwoordig is;

"voedselbymiddel" enige stof, ongeag die voedingkundige waarde daarvan, wat nie normaalweg as 'n voedingsmiddel op sigself verbruik word nie en nie normaalweg as 'n tipiese bestanddeel van die voedingsmiddel gebruik word nie, wat opsetlik bygevoeg word by 'n voedingsmiddel vir 'n tegnologiese (insluitende organoleptiese) doel by die vervaardiging, prosessering, voorbereiding, behandeling, verpakking, pakkettering, vervoer of beringing van die voedingsmiddel, en wat daartoe lei, of wat redelikerwys verwag kan word daartoe sal lei (regstreeks of onregstreeks), dat sodanige stof, of die neweprodukte daarvan, 'n komponent word van, of andersins die eienskappe beïnvloed van, sodanige voedingsmiddels, en uitgesonderd enige stof wat by voedingsmiddels gevoeg word om voedingkundige eienskappe te handhaaf of te verbeter, of enige besmettingstowwe en natriumchloried;

"voedselverkoopmasjien" enige meganiese toestel, ongeag of dit bedien word of nie, deur middel waarvan voedingsmiddels verkoop word;

"volgraan" korrels van grane wat, na die maalproses (as dit gemaal is), natuurlik al die komponente, naamlik endosperm, semels, kiem, en al die makronutriënte, mikronutriënte en spoorelemente van die oorspronklike ongeprosesseerde heel korrel bevat;

"voorafverpak" die verpakking van 'n voedingsmiddel in verpakkingsmateriaal gereed vir verkoop aan die verbruiker of aan 'n spysenieringsinstelling, sodat die voedingsmiddel nie verander kan word sonder om die verpakking oop te maak of te verander nie, maar nie ook individueel toegedraaide eenhapsuikerbanket of sjokoladebanket wat nie in enige verdere verpakkingsmateriaal gehul is nie en nie bedoel is vir verkoop as individuele items nie, en dit sluit nie die buitenste houers van massavoorraad in nie.

ALGEMENE BEPALINGS

Algemeen

2. Niemand mag enige voorafverpakte voedingsmiddel vir verkoop vervaardig, invoer, verkoop of aanbied nie, tensy die voedingsmiddelhouer, of die massahouer waaruit dit geneem is, ooreenkomsdig hierdie regulasies geëtiketteer is.
3. Niemand mag 'n voedingsmiddel wat enige inligting, aanspraak, verwysing of verklaring bevat wat ooreenkomsdig hierdie regulasies nie op die etiket toegelaat word nie, op enige wyse adverteer nie.

4. Behoudens regulasie 54(3) moet by 'n nievoorafverpakte voedingsmiddel wat vir verkoop uitgestal word, die besonderhede waarmee dit ingevolge hierdie regulasies geëtiketteer moet word, in die onmiddellike nabijheid daarvan vertoon word.

5. Alle inligting rakende die vereistes van hierdie regulasies moet deur die vervaardiger, invoerder of verkoper op rekord gehou word, en versuim om die tersaaklike dokumentasie te toon binne 2 (twee) werkdae na 'n versoek deur 'n inspekteur of werknemer van die Departement, is 'n misdryf.

6. Geen etiket of advertensie van enige aard van 'n voedingsmiddel mag 'n verwysing na die Wet, voedselverwante voedselregulasies, die Departement van Gesondheid, provinsiale of plaaslike regering of 'n beampete van genoemde departement of provinsiale of plaaslike regering bevat nie.

Aanbieding

7. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 8 moet inligting wat op enige etiket moet verskyn –
- (a) in Engels en waar moontlik in ten minste een ander amptelike taal van die Republiek van Suid-Afrika wees;
 - (b) duidelik sigbaar, maklik leesbaar en onuitwisbaar wees en mag die leesbaarheid daarvan nie deur geïllustreerde of enige ander materiaal, hetsy gedruk of andersins, benadeel word nie.
- (2) Die etikette van voorafverpakte voedingsmiddels moet op so 'n wyse aangebring word dat dit nie by die verkooppunt van diehouer geskei kan word nie.

Lettergroottes

8. Tensy anders bepaal by die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), en die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008), en –

- (a) behoudens hierdie regulasies, moet die naam van die voedingsmiddel op die hoofpaneel van die etiket verskyn in letters wat ten minste 4 mm hoog is, tensy 'n kleiner lettergrootte by hierdie regulasies toegelaat word: Met dien verstande dat in die geval van inruilbare koeldrankbottels met gebosseerde etikette, die naam daarbenewens op die prop kan wees in letters wat ten minste 1 mm hoog is vir kleinletterklinkers;
- (b) (i) behoudens hierdie regulasies, moet die inligting wat ingevolge die Wet op 'n etiket moet verskyn, in letters wees wat ten minste 1 mm hoog is vir kleinletterklinkers;
- (ii) (aa) is die lettergroottes wat in subparagraaf (i) voorgeskryf word, van toepassing op pakkette waarvan die hoofpaneel groter as $12\ 000\ mm^2$ is; en
- (bb) in gevalle waar die oppervlakte van die hoofpaneel van die pakket nie groter is nie as die oppervlakte aangedui in kolom I van die tabel hier onder maar groter is as die volgende kleiner oppervlakte in die kolom

genoem, kan die inligting op die pakket getoon word in letters waarvan die hoogte nie minder is nie as die persentasie aangedui in die ooreenstemmende reël van kolom II van die hoogte by regulasie voorgeskryf. Met dien verstande dat die hoogte waartoe die letters verklein kan word, nie minder mag wees nie as 1 mm vir kleinletterklinkers;

I	II
Oppervlakte in mm ²	Persentasie (%) van voorgeskrewe hoogte
12 000	85
8 000 tot 11 999	70
5 000 tot 7 999	50

- (c) moet woorde wat die naam van die voedingsmiddel kwalifiseer of wat 'n wesenlike deel van die beskrywing daarvan is, in die onmiddellike nabyheid van die naam getoon word in opvallende, duidelike letters van dieselfde grootte, lettertipe, kleur, prominensie en leesbaarheid en ten minste een derde van die lettergrootte van die grootste letter van die naam, uitgesonderd in die geval van inruilbare koeldrankbottels, waar die inligting op die prop, met uitsondering van die naam, moet wees in letters wat ten minste 1 mm hoog is vir kleinletterklinkers; en
- (d) moet die aanduiding van bestanddele en verhoudings van bestanddele deurgaans in 'n lettertipe van eenvormige grootte, kleur, lettertipe en prominensie wees, en die eerste letter kan 'n hoofletter wees.

Identifikasie

9. Die etiket van 'n voorafverpakte voedingsmiddel moet die volgende bevat:
 - (a) op die hoofpaneel, die naam van die bepaalde voedingsmiddel: Met dien verstande dat waar die naam nie 'n behoorlike beskrywing van die voedingsmiddel is nie, die naam vergesel moet gaan van 'n gepaste beskrywing en waar 'n naam of name vir 'n voedsel in 'n Codex Alimentarius Standard gevestig is, ten minste een van hierdie name gebruik moet word;
 - (b) die naam en adres van die vervaardiger, invoerder of verkoper: Met dien verstande dat in die geval van ingevoerde voedingsmiddels, die vervaardiger se naam en adres op die etiket ingesluit moet word;
 - (c) instruksies vir die gebruik van 'n voedingsmiddel, waar dit moeilik sal wees om sodanige voedingsmiddel gepas te gebruik sonder sodanige instruksies;
 - (d) die lys van bestanddele wat by regulasies 16 tot 29 vereis word, waar van toepassing;
 - (e) spesiale bergingstoestande, waar van toepassing; en
 - (f) die netto inhoud van die houer in die SI-eenhede ("Système International-eenhede") ooreenkomsdig die vereistes van die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet No. 77 van 1973).

Land van herkoms

10. Tensy anders vereis by regulasies afgekondig ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), en die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008), moet die land van herkoms van 'n voedingsmiddel soos volg op die etiket verklaar word:

- (a) "Produk van (naam van land)" as al die hoofbestanddele, prosessering en arbeid wat gebruik is om die voedingsmiddel te maak, van een bepaalde land afkomstig is;
- (b) "Geproduseer in (naam van land)", "Geprosesseer in (naam van land)", "Vervaardig in (naam van land)", "Gemaak in (naam van land)" of soortgelyke woorde wanneer 'n voedingsmiddel in 'n tweede land geprosesseer is wat die aard daarvan verander; of
- (c) die woorde "Verpak in (naam van land)" kan gebruik word benewens die vereiste van paragraaf (a) of (b) hier bo.

Lotidentifikasie

11. 'n Houer van 'n voedingsmiddel moet duidelik met 'n lotnommer gemerk wees op so 'n wyse dat die spesifieke lot maklik geïdentifiseer en opgespoor kan word, tensy anders bepaal ingevolge regulasies afgekondig ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), en die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008).

Datummerk

12. (1) Niemand mag 'n voedingsmiddel invoer, vervaardig, verkoop, versprei of skenk nie tensy 'n datummerk duidelik aangedui word op dia etiket of houer van sodanige voedingsmiddel, uitgesonder voedingsmiddels in Aanhangsel 4 aangedui.
- (2) Die datum moet voorafgegaan word deur gepaste woorde soos "beste voor" en/of "gebruik teen" en/of "verkoop teen", afhangende van die aard van die produk: Met dien verstande dat afkortings nie toegelaat word nie, behalwe "BV" vir "beste voor", maar die voorafgaande woorde moet volledig uitgeskryf word.
- (3) Die datummerk mag deur niemand verwijder of verander word nie.
- (4) In gevalle waar verskeie items in 'n buitenste omhulsel of huls ingesluit is wat gedurende normale gebruik deur die verbruiker weggegooi sal word, moet die datum verskyn op die verpakking wat tot gebruik deur die verbruiker behou sal word.
- (5) Die datum moet in die volgorde "Dag-Maand-Jaar" aangedui word wanneer net syfers gebruik word: Met dien verstande dat waar in die geval van ingevoerde produkte 'n ander volgorde as "Dag-Maand-Jaar" gebruik word, die maand in letters aangedui word, hetso volledig uitgeskryf of afgekort, en die jaar volledig uitgeskryf word.

Verbode stellings

13. Die volgende inligting of verklarings mag nie op 'n etiket of advertensie van 'n voedingsmiddel getoon word nie:

- (a) Woorde, geïllustreerde voorstellings, merke, logo's of beskrywings wat 'n indruk skep dat so 'n voedingsmiddel gesteun of geëndosseer word, voldoen aan of vervaardig is coreenkomstig aanbevelings deur –
- (i) gesondheidspraktisyne, individueel of deur 'n professionele of verbruikersadviesorganisasie bestaande uit een of meer van die voornoemde gesondheidspraktisyne;
 - (ii) organisasies, verenigings, stigtings en ander entiteite (uitgesonder godsdienslike sertifiserende organisasies of enige fauna- en flora-verwante sertifiserings- en endosseringsliggame), tensy deur die Direkteur-generaal goedgekeur en wat bewys kan lewer van die feit dat hulle betrokke is by generiese gesondheidsbevordering wat gesteun word deur bewysgebaseerde voeding, en dat die lasgewings van die organisasie, vereniging of stigting nie strydig is nie met die vereistes van hierdie regulasies wat voedingsaansprake en die kriteria daarvan betref;
- (b) 'n endossement of getuigskrif deur 'n individu in die vorm van 'n illustrasie, skriftelike of mondeline verklaring of in enige ander vorm, wanneer die individu se endossement of getuigskrif 'n voedingsaanspraak impliseer;
- (c) 'n endossement van 'n vervaardiger of verkoper in die vorm van 'n logo, merk, simbool, skriftelike of mondeline verklaring of enige ander wyse van kommunikasie met betrekking tot die voedingkundige of veiligheidseienskappe van die voedingsmiddel wat onder die aandag van die publiek gebring word, tensy dit geldig is volgens die bepalings van hierdie regulasies en gepaste bewys binne twee werkdae aan 'n inspekteur voorgelê kan word;
- (d) die woorde "gesond" of "voedsaam" of woorde of simbole wat impliseer dat die voedingsmiddel op sigself of 'n stof van die voedingsmiddel gesondheidsgewende eienskappe het op enige wyse, insluitende die naam of handelsnaam, uitgesonderd in die geval van die fortifiseringslogo vir voedseldraers soos bepaal by regulasies ingevolge die Wet uitgevaardig en regulasie 51(2);
- (e) die woorde "voedend" of "voedsaam" of enige ander woorde met 'n soortgelyke betekenis op enige wyse, insluitende die naam en handelsnaam;
- (f) 'n aanspraak dat 'n voedingsmiddel volledige of gebalanseerde voeding verskaf op enige wyse, insluitende die naam en handelsnaam;
- (g) behoudens die bepalings van die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965), soos gewysig, die woorde "genees" of enige ander mediese term, insluitende profilaktiese en terapeutiese aansprake.

Negatiewe aansprake

14. (1) Behoudens die voorwaardes vir nutriëntinhoudaansprake in Tabel 1 mag geen aanspraak, verklaring of implikasie op die etiket van 'n voedingsmiddel gemaak word nie dat daardie voedingsmiddel –

- (a) alleen 'n bepaalde eienskap, kenmerk of stof besit wanneer soortgelyke voedingsmiddels in dieselfde klas of kategorie in werklikheid ook dieselfde eienskap, kenmerk of stof besit, tensy –
- (i) die eienskap, kenmerk of stof dikwels aangetref word of algemeen aanwesig is in bedoelde klas of kategorie voedingsmiddels; en
 - (ii) die aanspraak, verklaring of implikasie soos volg op generiese wyse bewoerd is:
"(generiese of kategorienaam van voedingsmiddel maar geen handelsnaam nie) bevat (naam van eienskap, kenmerk of stof) natuurlik";
- (b) vry is van 'n bepaalde eienskap, kenmerk of stof wanneer soortgelyke voedingsmiddels in dieselfde klas of kategorie in werklikheid ook vry is van dieselfde eienskap, kenmerk of stof, tensy –
- (i) die eienskap, kenmerk of stof dikwels of algemeen afwesig is in bedoelde klas of kategorie voedingsmiddels; en
 - (ii) die aanspraak, verklaring of implikasie soos volg op generiese wyse bewoerd is:
"n Natuurlik (naam van eienskap, kenmerk of stof) vrye voedsel"; of "(generiese of kategorienaam van voedsel maar geen handelsnaam nie) is 'n natuurlik (naam van eienskap, kenmerk of stof) vrye voedsel" sonder om negatief te reflekteer op ander soortgelyke voedingsmiddels in dieselfde klas of kategorie.
- (2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) –
- (a) waar 'n bymiddel wat vir 'n bepaalde klas of kategorie voedingsmiddels toegelaat word ingevolge spesifieke regulasies kragtens die Wet, afwesig is van die bepaalde handelsnaam van die bepaalde klas of kategorie voedingsmiddels, moet die aanspraak, verklaring of implikasie, wanneer dit gebruik word, soos volg bewoerd word: "(naam van bymiddel) vry";
 - (b) waar 'n aanspraak of verklaring oor 'n bepaalde bymiddel wat ingevolge spesifieke regulasies kragtens die Wet nie vir 'n bepaalde klas of kategorie voedingsmiddels toegelaat word nie, vir inligtingsdoeleindes gemaak word, moet die aanspraak of verklaring op 'n generiese wyse soos volg bewoerd word: "n (naam van bymiddel) vry (naam van kategorie of klas voedsel) soos in die geval van alle (naam van kategorie of klas voedsel)"; of
 - (c) waar 'n bymiddel wat vir 'n bepaalde klas of kategorie voedingsmiddels toegelaat word ingevolge spesifieke regulasies kragtens die Wet, nie in die voedingsmiddel gebruik word nie maar natuurlik voorkom in die bestanddele van die voedingsmiddel, moet die aanspraak, verklaring of implikasie, wanneer dit gebruik word, soos volg bewoerd word: "geen bygevoegde (naam van bymiddel) nie".
- (3) Geen verklaring in subregulasies (1) en (2) bedoel, mag met betrekking tot verpakte water gemaak word nie.

Verpligte waarskuwing op sekere voedingsmiddels

15. Die etiket van 'n voedingsmiddel wat in 'n drukhouer verpak is, moet die volgende verklaring in vet hoofletters minstens 3,0 mm hoog bevat:

"WAARSKUWING – ONDER DRUK – moenie gate maak of bo 50 °C berg nie".

SPESIALE BEPALINGS**Seisoenale bestanddele**

16. Waar dit as gevolg van klimaats- of seisoenale gebeurlikhede nie moontlik is om aan 'n lys bestanddele soos op die etiket aangedui te voldoen nie, moet die name van ander bestanddele as die hoofbestanddeel wat teenwoordig kan wees, opeenvolgend maar nie noodwendig in dalende volgorde van massa of volume nie, in die lys bestanddele verskyn, voorafgegaan deur die uitdrukking "en/of".

Volgorde van lys bestanddele

17. Bestanddele van 'n vermengde, saamgestelde of gemengde voedingstof, insluitende mengsels van kruie en speserye wat as sodanig verkoop word en bymiddels, moet op enige etiket onder die opskrif "Bestanddele" gelys word in dalende volgorde van massa soos teenwoordig in die eindproduk.

18. Behoudens regulasie 28 moet bygevoegde water in die toepaslike volgorde in die lys bestanddele verklaar word.

19. Waar 'n ingaande gekonsentreerde of gedehidreerde bestanddeel hersaamgestel of gedeeltelik hersaamgestel word vir gebruik by die vervaardiging van 'n voedingsmiddel, moet die bestanddeel voorafgegaan word deur die gepaste beskrywende woorde soos "hersaamgestelde (naam van bestanddeel) konsentraat" of "hersaamgestelde, gedroogde (naam van bestanddeel)" of wat ook al toepaslik is, in die lys bestanddele.

20. Waar 'n voedingsmiddel uit gemengde vrugte, neute of groente bestaan of dit bevat en geen bepaalde vrug, neut of groente beduidend oorheers nie met betrekking tot massa, kan daardie bestanddele in enige volgorde van massa gelys word indien –

- (a) in die geval van 'n voedingsmiddel wat geheel en al uit sodanige mengsel bestaan, die opskrif van die lys bestanddele die woorde "in wisselende verhoudings" of ander woorde wat die aard aandui van die volgorde waarin die bestanddele gelys word, insluit of daardeur vergesel gaan; en
- (b) in die geval van 'n voedingsmiddel wat sodanige mengsel bevat, die deel van die lys waar die name van die genoemde bestanddele verskyn, vergesel gaan van die woorde "in wisselende verhoudings" of ander woorde wat die aard aandui van die volgorde waarin die bestanddele gelys word.

21. Die volgende bestanddele van 'n voedingsmiddel kan in enige volgorde aan die einde van die lys bestanddele getoon word:

- (a) Kruie of speserye, hoogstens 2% volgens massa, hetsy enkel of in kombinasie;
- (b) vitamiene; en
- (c) minerale, behoudens regulasie 52(6) en (7).

Benaming van bestanddele

22. Die naam wat vir 'n bestanddeel in 'n voedingsmiddel gebruik word in 'n lys bestanddele op 'n etiket, moet –

- (a) die naam wees wat vir sodanige bestanddeel gebruik word wanneer dit onafhanklik as 'n voedingsmiddel verkoop word; en
- (b) in die geval van 'n mikrobiologiese kultuur, aangedui word volgens die doel daarvan, soos as 'n botterkultuur of kaaskultuur of jogurtkultuur of melksuurproduserende kultuur of aanvangskultuur of wat die geval ook al is.

23. Behoudens die bepalings van regulasies 36 tot 42 moet enige bymiddel wat gevog word by of gebruik word in 'n voedingsmiddel om die funksie te verrig van een van die kategorieë bestanddele in Aanhangsel 1 genoem, in die lys bestanddele aangedui word en kan dit deur die naam van die kategorie aangedui word, en as 'n bymiddel bygevoeg word tot of gebruik word in 'n voedingsmiddel vir doelindes van meer as een sodanige funksie, moet dit aangedui word deur die naam van die kategorie wat die hooffunksie verteenwoordig wat in daardie voedingsmiddel verrig word: Met dien verstande dat geurmiddels net as "geurmiddel" aangedui moet word en nie verder gekwalifiseer mag word nie deur die woord natuurlik, sinteties, kunsmatig of natuurgetrou of enige ander soortgelyke bewoording.

24. Pektienbevattende voedingsmiddels soos jellie en vrugtejellie wat minder as 0,6% bygevoegde pektien of pektienagtige materiaal bevat en konfytte wat minder as 0,3% bygevoegde pektien bevat, word vrygestel van die vereiste om die aanwesigheid van verdikkers in die lys bestanddele te verklaar: Met dien verstande dat geen ander verdikkers as pektien in die produk gebruik is nie.

25. Name soos "sout" of "natriumchloried", "asyn" of "asynsuur", "pekel" of "stroop" kan in die lys bestanddele gebruik word.

Kwantitatiewe Bestanddeelverklarings (KBV)

26. (1) Waar die etikettering spesiale klem plaas op die aanwesigheid van een of meer waardevolle of kenmerkende bestanddele, of waar die beskrywing dieselfde effek het, moet die ingaande persentasie van hierdie bestanddeel ten tyde van vervaardiging verklaar word –

- (a) ooreenkomsdig Riglyn 3; en

- (b) na gelang van die geval, tussen hakies –
- (i) naby die woorde, illustrasies of grafika wat 'n bepaalde bestanddeel beklemtoon; of
 - (ii) onmiddellik na die naam of beskrywer van die voedingsmiddel; of
 - (iii) na elke kenmerkende, beklemtoonde bestanddeel in die lys bestanddele genoem.
- (2) Ondanks die vereistes van regulasie 26(1)(b), die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990) en behoudens regulasies 17 en 28(c) moet rougeprosesseerde vleisprodukte die kwantitatiewe bestanddeelverklaring as 'n persentasie van die vleisinhoud en die water op die hoofpaneel aandui in vetdruk in hoofletters ten minste 3 mm hoog.

Saamgestelde bestanddele

27. Behoudens regulasies 42 tot 46, waar 'n saamgestelde bestanddeel, insluitende "vaste stowwe van melk", in 'n voedingsmiddel gebruik word, moet die name van die ingaande bestanddele, bymiddels en komponente van die saamgestelde bestanddeel tussen hakies in dalende volgorde na die naam van die saamgestelde bestanddeel in die lys bestanddele genoem word.

Bygevoegde water

28. Behoudens regulasie 18 moet water wat as 'n bestanddeel van 'n voedingsmiddel bygevoeg is, in die lys bestanddele van sodanige voedingsmiddel verklaar word, tensy –

- (a) dit by die vervaardiging van die voedingsmiddel gebruik word slegs met die doel om 'n droë bymiddel of bestanddeel te benat; of
- (b) dit deel is van pekel of stroop en in die lys bestanddele as "pekel" of "stroop" verklaar is; en
- (c) die water wat bygevoeg is, nie meer is nie as 5% van die afgewerkte produk, rougeprosesseerde vleis uitgesluit.

Vette en olies

29. (1) Met betrekking tot vette en olies (alleen of in kombinasie) wat in voedingsmiddels gebruik is, en bykomend by die vereistes van regulasies 16 en 27 –

- (a) moet die klasname van ingaande vette en olies in die lys bestanddele aangedui word as "plantaardig", "dierlik", "vis" of "mariene": Met dien verstande dat nie net die klasname vermeld moet word nie maar elke klasnaam verder gekwalifiseer moet word deur 'n aanduiding van al sy ingaande tipe(s) vette en olies, tussen hakies na die klasnaam;
- (b) in die geval van plantaardige vette en olies, die bepaalde deel van die plant waaruit die vet of olie verkry is, vermeld moet word; en
- (c) sulke vette en olies deur die term "gehidrogeneer" gekwalifiseer moet word wanneer toepaslik.

(2) Geen olie of olievermenging van plantaardige oorsprong mag op "koudgepers", "meganies geper" of enige ander woorde met 'n soortgelyke betekenis aanspraak maak nie tensy dit voldoen aan die vereistes vervat in die omskrywing van "koudgepers" in hierdie regulasies.

Massavoorraad

30. (1) Waar 'n voedingsmiddel uit massavoorraad verkoop word, moet sodanige massavoorraadhouer geëtiketteer word ooreenkomsdig al die etiketteringsvereistes vir individueel verpakte voedingsmiddels, en die letters moet van so 'n grootte wees en so vertoon word dat dit maklik leesbaar is, tensy die inhoud van die massahouer individueel verpak en geëtiketteer is.

(2) In gevalle waar 'n voedingsmiddel by die groot maat verkoop word, maar nie in die kleinhandel nie, en vergesel gaan van toepaslike handelsdokumente wat alle besonderhede bevat wat ingevolge hierdie regulasies op die etiket van 'n voorafverpakte voedingsmiddel moet verskyn, hoef daardie voedingsmiddels nie met 'n lys bestanddele geëtiketteer te word nie.

Klein pakkies

31. Die verpakking van 'n voorafverpakte voedingsmiddel met 'n totale buite-oppervlakte van 2 000 mm² of minder, insluitende pakkies kruie en speserye vir enkelgebruik van 10 g of minder, word vrygestel van die vereistes van etikettering, uitgesondert die verklaring van die naam, die adres van die vervaardiger, 'n geskikte datum, die verklaring van algemene allergene, indien van toepassing, en die verklaring ooreenkomsdig regulasie 49 dat die produk bestraling ondergaan het.

Bergingsinstruksies

32. (1) Behoudens die vereistes van regulasie 8 moet woorde wat die gepaste bergingsinstruksies voor en na oopmaak aandui, op die etiket verskyn in vet hoofletters ten minste 3,0 mm hoog.

(2) Die vervaardiger moet die geskikte bergingsinstruksies rakende die aard van die voedingsmiddel bepaal ten einde te verseker dat enige spesifieke gehalte-eienskappe waarvoor stilswyende of uitdruklike aansprake gemaak is, behou en bewaar word.

Voedselverkoopmasjiene

33. Die voorkant van 'n voedselverkoopmasjiene waaruit enige voedingsmiddel verkoop word, moet 'n kennisgewing hê wat die naam van die voedingsmiddel aandui, uitgesondert waar sodanige naam op so 'n wyse op die etiket van die voedingsmiddel verskyn dat dit van buite die masjiene maklik sigbaar en leesbaar is vir 'n voornemende koper.

Illustrasievoorstelling

34. Die illustrasievoorstelling op die etiket of enige advertensie van 'n voedingsmiddel mag nie so aangebied word dat dit in enige opsig vals, misleidend of bedrieglik is of waarskynlik 'n verkeerde indruk betreffende die inhoud van die houer of die aard, herkoms, samestelling, gehalte, voedingswaarde, hoedanigheid of ander eienskappe daarvan sal skep nie.

Eтикетtering van voorafverpakte voedselbymiddels

35. Die etiket van enige voorafverpakte voedselbymiddel of vermenging van voedselbymiddels moet –

- (a) die woorde "vir gebruik in voedingsmiddel" of "vir gebruik in voedsel" of "voedselbymiddel" of "vermenging van voedselbymiddels" op hê;
- (b) in die geval van swaeldioksiedverbinding, die maksimum en minimum persentasie swaeldioksied vermeld wat die inhoud sal oplewer;
- (c) sy gewone chemiese naam vermeld waarvan toepassing;
- (d) in die geval van 'n voedselkleurmiddel of 'n vermenging van voedselkleurmiddels, die woorde "voedselkleurmiddel" of "voedselkleursel" of "voedselkleur" en die gewone chemiese naam of name asook die Kleurindeksnommer(s) of INS (Internasionale Nommerstelsel)-nommer op hê;
- (e) in die geval van voedselbymiddels met 'n raklike van hoogstens 18 maande, die datum van maksimum duursaamheid aandui met woorde soos "Gebruik voor X", waar "X" die laatste aanbevole datum vir gebruik is; en
- (f) wanneer beskikbaar, die INS-nommer aandui.

Aanduiding van voedselbymiddels

36. (1) Alle bymiddels moet in die lys bestanddele aangedui word.
 (2) Behoudens regulasies 37 tot 40 kan bymiddels aangedui word volgens hulle kategoriename soos in Aanhangsel 1 genoem.

- (3) Behoudens regulasie 8(3) en regulasies afgekondig kragtens die Wet op Landbouproduktstaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), waar 'n voedingsmiddel 'n geurmiddel van 'n bestanddeel bevat maar nie die regte bestanddeel self nie, moet die woorde "geurmiddel" of "gegeur" die naam of die beskrywer van die produk vergesel om duidelik aan te dul dat net 'n geurmiddel gebruik is en nie die regte bestanddeel self nie.

37. Niemand mag enige voedingsmiddel wat die kleurmiddel tartrasien, ook bekend as E 102 of Geel No. 5, bevat, verkoop nie tensy die woorde "tartrasien" in die lys bestanddele verskyn.

38. (1) Die teenwoordigheid van enige preserveermiddel moet op enige etiket aangedui word deur die gewone chemiese naam van die preserveermiddel, voorafgegaan deur die woorde "preserveermiddel" en gevolg deur die gelyste preserveermiddels tussen hakies, of, in die geval van natrium- of kaliumnitriet en natrium- of kaliumnitraat wat in rakstabile gekuurde vleisprodukte gebruik word, voorafgegaan deur die woorde "kuuragent" en gevolg deur die genoemde kuuragente tussen hakies.
 (2) Wanneer die preserveermiddel swaeldioksied of verwante verbinding soos natriumsulfiet, natriumwaterstof, sulfiet (natriumbisulfiet), natriummetabisulfiet, kaliummetabisulfiet, kalsiumsulfiet, kalsiumwaterstofsulfiet of kalsiumbisulfiet gebruik word op

'n vlak van minder as 10 mg per kilogram voedingsmiddel soos verpak of gereed om te eet, hoef die preserveermiddel swaeldioksied of verwante verbindings nie verklaar te word nie.

39. 'n Antioksidant as 'n bymiddel moet in die lys bestanddele aangedui word deur die gewone chemiese naam of afkorting soos gepas.

40. Die byvoeging van mononatriumglutamaat (MNG) moet op die lys bestanddele aangedui word as mononatriumglutamaat of die afkorting MNG gevvolg deur die word "geurverbeteraar".

41. Met uitsondering van preserveermiddels, antioksidante en die kleurmiddel tartrasien is dit nie nodig om in die lys bestanddele te verwys na enige voedselbymiddel wat in die voedingsmiddel teenwoordig is bloot omdat dit 'n samestellende deel van 'n bestanddeel van sodanige voedingsmiddel was nie: Met dien verstande dat die voedselbymiddel nie dieselfde tegnologiese funksie in die finale voedingsmiddel waarby dit gevoeg is, verrig nie as in die oorspronklike voedingsmiddel waarvan dit 'n samestellende deel was.

42. Ondanks die vereistes van regulasies 36 tot 41 moet ten opsigte van enige bymiddel of draer vir 'n bymiddel wat verkry is van of besmet is met 'n gewone allergeen, die herkoms van die gewone allergeen tussen hakies na die naam van die bymiddel aangedui word, soos volg: [naam van bymiddel (naam van 'n gewone allergeen)].

Allergene

43. (1) Waar 'n produk of sy verpakkingsmateriaal enige gewone allergeen bevat, moet die teenwoordigheid daarvan aangedui word, na gelang van die geval:

- (a) tussen hakies na die naam van sodanige bestanddeel in die lys bestanddele indien dit nie uit die naam van die bestanddeel blyk nie; en/of
- (b) naby die lys bestanddele in 'n lys of kassie met die woorde "Bevat: (allergeen/allergene)".

(2) In die geval van beduidende grane moet die naam van die spesifieke beduidende graanspesie in die naam van die bestanddeel in die lys bestanddele vermeld word met die woorde "gluteen" tussen hakies.

Nie-algemene allergene

44. (1) Die teenwoordigheid van nie-algemene allergene in of op die voedingsmiddel of sy verpakkingsmateriaal moet deur die vervaardigers bekend gemaak word op versoek van 'n verbruiker, inspekteur of die Departement gebaseer op die inligting vervat in die Verskaffersbestanddeelinligtingslêer in Riglyn 6, wat op rekord gehou moet word.

(2) Die teenwoordigheid van bokmelk in 'n voedingsmiddel moet geëtiketteer word op dieselfde wyse as vir gewone allergene soos in regulasie 43 aangedui.

Allergeenkruisbesmetting

45. As daar 'n risiko is vir kruisbesmetting van 'n gewone allergeen in 'n voedselprosesseerfasilititeit:

(a) moet die nodige noulettendheid uitgeoefen word om sodanige besmetting te voorkom en moet 'n allergeenbeheerbeleid (ABB) ooreenkomstig die riglyne geïmplementeer word; en

(b) in die geval waar voorsorgetikettering gebruik word, mag dit nie gebruik word om die implementering van GVP's en 'n doeltreffende allergeenbeheerbeleid (ABB) te omseil nie; en

(c) in die geval waar voorkomende etikettering gebruik word, moet die risiko, die wyse van assessering van die risiko en die stappe wat gedoen is om die risiko van allergeenkruisbesmetting te vermy, gedokumenteer word.

46. Allergeenverwante aanspraak

(1) Gluteenvry en natuurlik gluteenvry

(a) Die aanspraak "gluteenvry" op 'n voedingsmiddel mag toegelaat word slegs indien die voedingsmiddel geen van die volgende bevat nie:

- (i) 'n bestanddeel wat enige spesie van die beduidende grane is;
- (ii) 'n bestanddeel wat afgelei is van enige van die voorname beduidende grane en wat nie geprosesseer is om glutineen te verwijder nie;
- (iii) 'n bestanddeel wat afgelei is van enige van die voorname beduidende grane wat geprosesseer is om glutineen te verwijder sodat die gebruik van daardie bestanddeel lei tot die teenwoordigheid van hoogstens 20 mg/kg (dpm) glutineen in die eindproduk; of
- (iv) meer as 20 mg/kg glutineen, waar dievlak van glutineen bepaal word met die R5 Mendez Ensiemgekoppelde Immunosorbensesessai (ELISA) vir glutineen (soos in die riglyne beskryf), of ander Codex-aanbevole metodes.

(b) 'n Graan wat uit die aard daarvan geskik is vir gebruik as deel van 'n gluteenvrye dieet, mag nie as "spesiale dieetkundige", "spesiale dieet-" of enige ander ekwivalente term benaam word nie maar kan 'n verklaring op die etiket hê wat lui 'hierdie produk is uit die aard daarvan gluteenvry': Met dien verstande dat dit aan regulasie 47(1)(a) voldoen en sodanige verklaring nie die verbruiker mislei nie.

(2) Hipoallergeniese, nie-allergeniese of allergeenvrye aanspraak

Geen aanspraak mag gemaak word nie dat 'n voedingsmiddel –

(a) nóg 'n enkelbestanddeelvoedingsmiddel nóg 'n saamgestelde voedingsmiddel, "hipoallergenies" of "nie-allergenies" is nie of soortgelyke bewoording, tensy die voedingsmiddel op chemiese of genetiese wyse gemodifiseer is ten einde die hoeveelheid endogene allergene op so 'n wyse te verminder dat dit nie moontlik is om die teenwoordigheid van enige moontlike allergeen op te spoor nie met toetse wat vir die spesifieke allergeen geskik is; of

(b) vry is van enige gewone of nie-algemene allergeen of soortgelyke bewoording, tensy die voedingsmiddel getoets is om die afwesigheid van die bepaalde allergeen/allergene te bevestig, met gebruik van geskikte toetse vir die spesifieke allergeen/allergene.

Misleidende beskrywings

47. (1) Enige woord, verklaring, frase, logo of illustrasievoorstelling wat 'n boodskap impliseer dat dit gesond of gesonder of vry van bymiddels of veeartsenykundige medisyne is of wat die meer menslike behandeling/teel van voedseldiere aandui, soos, maar nie beperk nie tot, "graan gevoer", "gras gevoer", "Karoo-lam", "natuurlike lam", "veld grootgemaak", "los lopend", "suiwer", "organies", wat gekoppel word met spesifieke protokolle wat geregistreer is by die Departement van Landbou of kragtens regulasies ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), of die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008), word op die voorafverpakketket en reklame van hierdie produkte toegelaat.

(2) In die geval van voedingsmiddels wat nie ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), of die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008), gereguleer word nie, word verklarings ten effekte dat dit "vars", "natuurlik", "die natuur se", "suiwer", "tradisionele", "oorspronklik", "outentiek", "regte", "egte", "tuisgemaak", "plaas-", "handgemaak", "geselekteer", "premie", "fynste", "gehalte" of "beste" is, of enige ander woorde, verklarings, frases, logo's of illustrasievoorstellings wat soortgelyke konsepte oordra of impliseer, toegelaat as dit voldoen aan die kriteria in Riglyn 8 vermeld.

(3) In die geval van vis of ander mariene voedingsmiddels wat ingevolge die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008), gereguleer word, word die verklaring "wild" nie toegelaat nie tensy dit as "wild gevang" gekwalifiseer word.

(4) Voedselprodukte wat gevries is en dan ontdooi is vir latere verkoop –

(a) mag nie as "vars" geëtiketteer word nie; en

(b) moet die woorde "**VOORHEEN GEVRIES**" aandui –

(i) op die etiket van die voorafverpakte voedingsmiddels, in vetdruk in hoofletters ten minste 3 mm hoog; of

(ii) op 'n plakkaat wat geplaas is naby die plek waar die voedingsmiddel vir verkoop aangebied word, waar die verbruiker dit duidelik kan sien en maklik kan lees, in swart, vetdrukletters waarvan die grootte geskik is vir maklike leesbaarheid op 'n plakkaat, waar sodanige voedingsmiddels nie voorafverpak is nie maar in groot maat vir verkoop uitgestal word.

Vegetariese aansprake

48. (1) Aansprake dat 'n voedingsmiddel vir vegetariërs geskik is, moet die kategorie vegetariër spesifiseer deur een of 'n kombinasie van die volgende voorvoegsels by die woorde "vegetariër" te voeg:

(a) "Lakto (melk)" – beteken melk en melkprodukte word ingesluit maar produkte waarin dierlike stremsel gebruik word tydens bereiding, word uitgesluit.

(b) "Ovo (eier)" – beteken onbevrugte eiers (verkieslik vryloop) en eierprodukte word ingesluit.

(c) "Heuning" – beteken heuning word ingesluit.

- (d) "Streng vegetaries" of "vegan" beteken bestanddele van veelsellige plantaardige, swam-, alg- en bakteriële herkoms word ingesluit maar alle bestanddele en bymiddels van dierlike herkoms afgelei, word uitgesluit.
- (2) Wanneer 'n voedingsmiddel vervaardig word vir die "streng vegetariese" of "vegan" mark en 'n aanspraak ten opsigte van "streng vegetaries" of "vegan" op die etiket gemaak word en dit nie moontlik is om uit die naam van die bestanddeel of bymiddel vas te stel dat dit van nievegetariese herkoms afgelei is nie, moet enige bymiddel (kyk Aanhangsel 1) of bestanddeel (kyk Riglyn 9) afgelei van nievegetariese herkoms wat by die voedingsmiddel gevoeg is, verklaar word as "nievegetariese herkoms" of in woorde wat die bron tussen hakies aandui, na die naam van die bymiddel of bestanddeel verklaar.

Bestraling

49. (1) Die etiket van 'n voedingsmiddel wat met ioniserende bestraling behandel is, moet 'n skriftelike verklaring naby die naam van die voedsel bevat wat die behandeling aandui.
- (2) Die gebruik van die internasionaal erkende voedselbestralingsimbool soos geïllustreer deur die Codex Alimentarius Standaard vir die Etikettering van Voorafverpakte Voedsel, is opsioneel, maar wanneer dit gebruik word, moet dit naby die naam van die voedsel wees.
- (3) Wanneer 'n bestraalde voedingsmiddel as 'n bestanddeel in 'n ander voedingsmiddel gebruik word, moet dit aldus in die lys bestanddele verklaar word.
- (4) Wanneer 'n enkelbestanddeelvoedingsmiddel berei word uit 'n grondstof wat bestraal is, moet die etiket van die voedingsmiddel 'n verklaring bevat wat die behandeling aandui.

VOEDINGKUNDIGE INLIGATION

50. (1) Voedingkundige inligting, wanneer dit by hierdie regulasies vereis word of wanneer dit vrywillig op 'n etiket vertoon word, moet altyd die volgende inligting bevatten in die volgorde soos volgens die generiese voorbeeld in punt 1 van Aanhangsel 2:

- (a) Die opskrif "Tipiese voedingkundige inligting";
 - (b) 'n aanduiding van die massa of volume van 'n enkele porsie; en
 - (c) die minimum, verpligte voedingkundige inligting volgens die formaat in punt 1 van Aanhangsel 2 beskryf, uitgedruk per enkele porsie asook per 100 g vir vaste voedingsmiddels of 100 ml vir vloeibare voedingsmiddels, tensy anders aangedui ingevolge hierdie regulasies.
- (2) Voedingkundige inligting moet altyd aangebied word in die tabelformaat volgens punt 1 van Aanhangsel 2, tensy anders aangedui ingevolge hierdie regulasies.
- (3) Die toepaslike meeteenheid moet agter die nutriënt of energiewaarde verskyn: Met dien verstande dat –
- (a) die energie-inhoud van die voedingsmiddel altyd in "kilojoule" of "kJ" verklaar moet word;

- (b) die energiewaarde bereken moet word deur die omskakelingsfaktore in punt 2 van Aanhangsel 2 te gebruik;
 - (c) die hoeveelheid van elke nutriënt volgens massa verklaar moet word;
 - (d) die meeteenheid soos in Aanhangsels 2 en 3 aangedui, gebruik moet word.
- (4) Die volgende inligting, wanneer toepaslik, moet onder die tabel as 'n voetnoot verstrek word:
- (a) Die bron van die data in 'n geval waar geen aanspraak gemaak word nie maar voedingkundige inligting vrywillig deur die vervaardiger verstrek word soos aangedui by regulasie 50(13).
 - (b) In 'n geval waar 'n voedingsmiddel in 'n vloeistofmedium verpak is en voedingkundige inligting verstrek word, 'n verklaring, waar toepaslik, om aan te dui of die voedingkundige inligting betrekking het op die gedreineerde gewig of op die netto inhoud van die houer.
 - (c) 'n Verklaring ten effekte dat die voedingkundige inligting betrekking het op die gereed-om-te eet produk of die produk soos verpak, wat ook al van toepassing is.
 - (d) 'n verklaring van die metode van analise wat gebruik is om die dieetvesel te bepaal.

Oordrag van voedingkundige inligting van ontledingsverslae na tabel oor voedingkundige inligting

- (5) Wanneer nutriëntwaardes wat deur middel van ontleding verkry is, vir die tabel oor voedingkundige inligting saamgestel word vir etiketteerde doeleindes, moet die nutriëntwaarde wat in die tabel met voedingkundige inligting verklaar word, gepas afgerond word soos in Aanhangsel 6 aangedui.

Opsionele inligting vir tabel met voedingkundige inligting

- (6) Proteïen, vitamiene en minerale waarvoor daar 'n NVW-waarde bestaan, kan as 'n persentasie van die NVW per enkele porsie uitgedruk word in 'n bykomende kolom regs van die verpligte formaat in punt 1 van Aanhangsel 2.

Verifiëring van kwalifiserende kriteria

- (7) Met die oog op die verifiëring van die geldigheid van enige nutriëntinhoudaanspraak teen die kwalifiserende kriteria in Tabel 1, Dele A en B, "Voorwaardes vir Nutriëntinhoudaansprake", is die standaard Nutriëntverwysingswaarde (NVW) van individue 4 jaar en ouer soos in Aanhangsel 3 aangedui, van toepassing.

Groottes van enkelporsies

- (8) (a) 'n Aanduiding van die massa of volume van 'n enkele porsie moet deur die vervaardiger bepaal word en moet 'n gepaste porsiegrootte wees vir 'n enkele porsie wat verbruikers nie sal aanmoedig om "supergrootte" porsies te verbruik nie wat kan lei tot 'n ongewenste toename van hulle totale energie-inname wat tot ongesonde gewigtoename kan lei.

(b) Die vervaardiger moet gepaste, wetenskaplike, bewysgebaseerde dokumentasie voorlê wat die gekose porsiegrootte regverdig en moet sodanige regverdiging op versoek aan 'n inspekteur kan verskaf.

Verandering van formulering

(9) Wanneer die bestanddele, uitgesonderd bymiddels, van 'n voedingsmiddel op enige manier verander word, moet die geaffekteerde produk met die oog op etikettering herontleed word vir die voedingkundige inhoud daarvan, en heretiketteer word.

Spesiale kenmerke of eienskappe

(10) (a) Geen aanspraak mag op die etiket van 'n voedingsmiddel gemaak word dat die voedingsmiddel voedingkundige waarde verkry het uit nutriënte of stowwe wat om tegniese of sensoriese redes bygevoeg is nie.

(b) Behoudens regulasie 13(g) is 'n aanspraak vir antioksidante as nutriënte onderhewig aan voormarkgoedkeuring en registrasie by die SA Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte (SAROGP) vir doeltreffende daaglikse enenkelporsievlakke.

Aansprake wat van 'n ander voedingsmiddel afhanglik is

(11) 'n Aanspraak betreffende die nutriënt- en/of energie-inhoud van 'n voedingsmiddel mag nie melding maak van 'n voedingsmiddel wat nie by die pakket ingesluit is nie: Met dien verstande dat in die geval van 'n voedingsmiddel wat 'n toevoegsel is by die voedingsmiddel in die pakket maar nie self in die pakket is nie, sodanige aansprake gemaak kan word mits daar duidelik aangedui word dat sodanige aanspraak nie op die voedingsmiddel in die pakket betrekking het nie, en alle voedingkundige inligting moet gegee word ten opsigte van die voedingsmiddel wat werklik in die pakket is.

Vereistes vir verpligte verklaring van voedingkundige inligting wanneer 'n aanspraak gemaak word

(12) Waar 'n voedingkundige aanspraak gemaak word –

(a) moet die voedingkundige inligting soos by hierdie regulasies vereis, die werklike, tipiese waardes wees soos bepaal deur 'n betroubare laboratorium deur chemiese of mikrobiologiese ontleding ooreenkomsdig die metodes in hierdie regulasies, Riglyne of Codex aanbeveel, en waar geen spesifieke metodes aanbeveel word nie, 'n metode wat deur SANAS of ILAC geakkrediteer is;

(b) moet die voedingkundige inligting –

(i) die minimum verpligte voedingkundige inligting wees soos per punt 1 van Aanhangsel 2, plus

(ii) insluit die gepaste voedingkundige inligting van die nutriënt(e) wat die onderwerp van die aanspraak is, aangedui na die minimum verpligte voedingkundige inligting soos per punt 1 van Aanhangsel 2: Met dien verstande dat die nutriënt(e) nie reeds as deel van die minimum verpligte voedingkundige formaat vermeld word nie;

- (iii) in ooreenstemming met die vereistes en procedures van Riglyn 5 –
 - (aa) verteenwoordigend wees van die produk soos tipies geproduseer;
 - (bb) die resultaat wees van ontledings op 'n saamgestelde monster, bestaande uit 'n gepaste aantal monsters, ingesamel oor 'n gesikte tydperk en uit 'n redelike aantal lotte, deur 'n betroubare laboratorium om 'n ware verteenwoordiging van die produk te bied;
 - (cc) gebaseer wees op 'n laboratoriumontledingsverslag deur 'n betroubare laboratorium saamgestel;
 - (dd) ten minste een keer elke drie (3) jaar deur ontleding geverifieer word en op rekord gehou word, en
 - (ee) ontleed word ooreenkomsdig die metodes in hierdie regulasies bepaal of waar geen metode bepaal is nie, volgens metodes wat by Codex goedgekeur en aanbeveel is; en
- (c) moet die vervaardiger –
 - (i) 'n verslag saamstel oor die besonderhede van hoe die monsterneming gedoen is op grond van Riglyn 5;
 - (ii) die verslag in paragraaf (i) bedoel, op rekord hou en afskrifte van die verslag aan die invoerder en/of verspreider verskaf; en
 - (iii) wanneer die monsters aan 'n betroubare laboratorium vir ontleding verskaf word, die laboratorium in kennis stel dat die ontleding vir etiketteringsdoeleindes is en dat die laboratoriumverslag die inligting moet insluit wat in punt 3 van Riglyn 5 versoek word.

Algemene voedingkundige Inligting wanneer geen aanspraak gemaak word nie

(13) Waar vrywillige voedingkundige inligting op die etiket verskaf word maar geen voedingkundige aanspraak gemaak word nie –

- (a) (i) In die geval van enkelbestanddeel-landboukommoditeite, kan die voedingkundige inligting uit die jongste uitgawe van die Nasionale Voedselsamestellingstabelle deur die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (MNR) gebruik word as die bron van inligting: Met dien verstande dat in gevalle waar geen gesikte inligting uit bogenoemde Voedselsamestellingstabelle beskikbaar is nie, ander erkende voedselsamestellingstabelle, interne analitiese data, berekenings gebaseer op die analitiese waardes van individuele bestanddele soos aangeteeken in die Verskaffersbestanddeelinligtinglêers per Riglyn 7 of, onderhewig aan die vereistes van Riglyn 5, ontleding deur 'n betroubare laboratorium gebruik kan word; en
 - (ii) in die geval van ander voedingsmiddels as enkelbestanddeel-landboukommoditeite, kan interne analitiese data, ontleding deur 'n betroubare laboratorium of berekening gebaseer op die analitiese waardes van individuele

bestanddele soos aangeteken in die Verskaffersbestanddeelinligtinglêers per Riglyn 7, gebruik word;

- (b) moet 'n aanduiding van die bron van die inligting gegee word as 'n voetnoot onder die tabel met voedingkundige inligting;
- (c) moet die minimum verpligte voedingkundige inligting gegee word in die tabelformaat soos per punt 1 van Aanhangsel 2, uitgesonderd in gevalle waar die grootte van die tabel deur die fisiese grootte van die produk beperk word en minder as 900 mm² oorby na voldoening aan die minimum vereistes ingevolge hierdie regulasies, in welke geval die voedingkundige inligting in 'n lineêre formaat aangedui kan word; en
- (d) kan die etiket, benewens die minimum verpligte voedingkundige inligting soos per punt 1 van Aanhangsel 2, enige ander voedingkundige inligting van die vervaardiger se keuse bevat per enkelporsie en per 100 g/ml.

AANSPRAKE

Algemene

51. (1) Geen aanspraak wat nie ingevolge hierdie regulasies toegelaat word nie, mag toegelaat word om op voedingstofetikette of enige advertensie daarvan te verskyn nie.
- (2) Die etiket van die voedseldraer ten opsigte waarvan 'n aanspraak gemaak word dat 'n voedseldraer gefortifiseer word soos vereis by regulasies rakende die fortifisering van voedingsmiddels ingevolge die Wet, moet die formaat hê van die verklaring van voorgeskrewe voedingkundige inligting soos beskryf in punt 1 van Aanhangsel 2, uitgedruk per daaglikse porsie en per 100 g, asook voedingkundige inligting betreffende die fortifiseringspesifikasies: Met dien verstande dat in die geval van droë, ongekookte koringmeel en droë, ongekookte mielieemeel soos gekoop, die daaglikse porsie as 100 g beskou moet word.
- (3) Geen voeding- of energie-aanspraak of enige ander aanspraak met 'n voedingverwante boodskap mag vir verpakte water toegelaat word nie.

Aanspraak oor nutriëntinhoud

52. (1) Geen aanspraak wat die vlak van 'n nutriënt beskryf wat in 'n voedingsmiddel vervat is, mag op 'n etiket of in 'n advertensie van 'n voedingsmiddel gemaak word nie, tensy dit voldoen aan voorwaardes uiteengesit in Tabel 1 (Deler A en B).
- (2) Wanneer 'n aanspraak gemaak word oor nutriëntinhoud wat in Tabel 1 gelys word, is die voorwaardes in Tabel 1 vir daardie aanspraak gestel, van toepassing.
- (3) Geen aanspraak oor nutriëntinhoud mag bewoerd word op 'n manier wat verskil van die voorgeskrewe bewoording soos gespesifieer in Tabel 1 nie, naamlik "laag", "vry of feitlik vry", "bron", "hoog" of "baie hoog".

(4) Geen persoon mag woorde soos "ryk aan" of "uitstekende bron" of "goeie bron" of "verryk" of "verryk met (naam van nutriënt)" of "met bygevoegde (naam van nutriënt(e))" of "bevat (naam van nutriënt(e))" of enige soortgelyke bewoording gebruik nie met betrekking tot die nutriënte in Tabel 1 genoem as 'n plaasvervanger vir die voorgeskrewe bewoordingsopsies vir aansprake in Tabel 1.

(5) (a) Geen persoon mag woorde soos x% vetvry of vry van enige ander nutriënt in komponent A van Tabel 1 bedoel, gebruik nie, waar x verwys na enige persentasie of na enige soortgelyke bewoording as 'n plaasvervanger vir die voorgeskrewe bewoordingsopsies vir aansprake in Tabel 1.

(b) Behoudens subregulasie (7) hier onder mag geen persoon die woord "spoor" gebruik om die feitlike afwesigheid van 'n nutriënt in die tabel van voedingkundige inligting aan te dui nie, as gevolg van beperkings betreffende analitiese metodologie, maar in plaas daarvan kan die onsekerheid oor 'n presiese waarde aangedui word as "< (noem die laagste waarde op die kalibrasiekromme)".

(6) In 'n geval waar 'n mineraal by 'n voedingsmiddel gevoeg word, moet die naam van die verbinding waaruit die elementele mineraal afgelei is, in die lys bestanddele genoem word, en die naam van die elementele mineraal alleen moet in die gepaste tabel met voedingkundige inligting genoem word.

(7) Vitamiene en minerale wat aanwesig is, het sy natuurlik of bygevoeg, in hoeveelhede van minder as 5% van die NVW vir individue van 4 jaar en ouer soos bedoel in Aanhangsel 3 per enkele porsie, mag nie in die tabel van voedingkundige inligting verklaar word nie, behalwe in die geval van voedseldraers en verpakte water. Met dien verstande dat waar vitamiene en minerale aanwesig is in hoeveelhede van tussen 5% en 15% van die NVW's, dit in die tabel van voedingkundige inligting gelys kan word, maar geen aanspraak vir enige daarvan word toegelaat nie.

Opsomming

NVV vir vitamiene en minerale	Kan 'n aanspraak gemaak word?	Kan dit in die tabel van voedingkundige inligting gelys word?
0 - <5%	Nee	Nee
5% - <15%	Nee	Ja
15% - < 30%	Ja – "bron van"	Ja
30% of meer	Ja – "hoog in"	Ja
60% of meer	Ja – "baie hoog in"	Ja

(8) Waar twee of meer voorwaardes vir 'n aanspraak op nutriëntinhoud in Tabel 1 (Dele A en B) vereis word, moet die voedingsmiddel aan al die voorwaardes voldoen om vir die aanspraak te kwalifiseer.

(9) Vir doeleinades van die voorwaardes vir aansprake op nutriëntinhoud moet voedsel soos soppe (uitgesonderd helder sop en bouljon), hersaamgestelde ingemaakte soppe en

hersaamgestelde soppoeiers, via, souse (uitgesonderd marinades), blatjang, joghurt en dik skommeltipe drank as vaste stowwe beskou word.

(10) (a) Waar 'n aanspraak op nutriëntinhoud ("bron van" of "hoog in") vir dieetveselinhou gemaak word, moet die analitiese waardes aangedui word in die tabel met voedingkundige inligting soos aangedui in Aanhangsel 2 en moet die ontledingsmetode wat gebruik is om die dieetveselinhou te meet, onder die tabel of tussen hakies na die woord dieetvesel aangedui word indien die ruimte op die etiket dit toelaat.

(b) Waar 'n aanspraak op nutriëntinhoud ("bron van" of "hoog in") vir dieetveselinhou gemaak word, moet die toepaslike kriteria in Tabel 1B wat ooreenstem met die ontledingsmetode wat gebruik is om dieetvesel te meet, gebruik word.

(c) Geen aanspraak op nutriëntinhoud ("bron van" of "hoog in") vir nuwe vesels word toegelaat nie.

(11) Geen aanspraak mag op die etiket van 'n voedingsmiddel met betrekking tot die proteïneninhoud van daardie voedingsmiddel gemaak word nie tensy daar aan die volgende vereistes voldoen word:

- (a) Die voorwaardes, soos toepaslik, in Tabel 1, Deel B, gespesifieer;
- (b) die voedingsmiddel verskaf proteïenengehalte waarvan die ontlede aminosure van die voedingsmiddel ten minste 100% bevat van elk van die aminosure volgens die verwysingsaminosuurpatroon in Aanhangsel 5; en
- (c) die bron(ne) van proteïen word duidelik aangedui in die lys bestanddele.

(12) Benewens die voorwaardes in Tabel 1 (Dede A en B), waar 'n nutriëntinhoudaanspraak gemaak word –

- (a) betreffende die hoeveelheid totale vet of die hoeveelheid en/of tipe van enige vetsuurkomponent of cholesterol, moet die werklike analitiese waardes van al die volgende vetsuurkomponente en cholesterol in die tabel met voedingkundige inligting aangedui word onmiddellik na die verklaring van totale vet:

Totale vet -	... g
waarvan versadig	... g
polionversadig	... g
mono-onversadig	... g

Cholesterol	... mg
-------------	--------

- (b) vir omega-3-vetsure moet die bepaalde omega-3-vetsuur(sure) –

- (i) gespesifieer word, en
- (ii) die werklike analitiese waardes van al die volgende vetsuurkomponente in die tabel met voedingkundige inligting aangedui word onmiddellik na die verklaring van totale vet:

Totale vet	... g
waarvan versadigde vetsure	... g
polionversadigde vetsure	... g
waarvan omega-3-vetsure	... mg

waarvan ALS	... mg
en/of EPS	... mg
en/of DHS	... mg
en/of DPS	... mg
mono-onversadig	... g
Cholesterol	... mg

(13) Die aanspraak "geen suiker bygevoeg" of "geen bygevoegde suiker" of ander woorde met 'n soortgelyke betekenis mag nie op die etiket van 'n voedingsmiddel wat bygevoegde suikers bevat wat by hierdie regulasies omskryf word, gemaak word nie.

(14) In die geval van maalvleis en geprosesseerde vleisprodukte is die voorwaardes vir die volgende aansprake as 'n aanduiding van vetinhoud soos volg:

Maer, reggesny of enige soortgelyke $\leq 10\%$ van totale vet soos ontleed bewoording

Ekstra maer, ekstra reggesny of enige $\leq 5\%$ van totale vet soos ontleed soortgelyke bewoording

(15) Behoudens die vereistes, waar van toepassing, van regulasies 51 en 53(1) tot (14) is die volgende voorwaardes vir nutriëntinhoudaansprake van toepassing:

TABEL 1: VOORWAARDES VIR NUTRIËNTINHOUDAANSPRAKE

A		
Energie	Laag	170 kJ per 100 g (vaste stowwe*) 80 kJ per 100 ml (vloeistowwe*)
	Feitlik vry of vry van	17 kJ per 100 ml (vloeistowwe*)
Totalé vet	Laag	3 g per 100 g (vaste stowwe*) 1,5 g per 100 ml (vloeistowwe*)
	Feitlik vry of vry van	0,5 g per 100 g/ml
Versadigde vet	Laag	1,5 g per 100 g (vaste stowwe*) 0,75 g per 100 ml (vloeistowwe*) en hoogstens 10% energie
	Feitlik vry of vry van	0,1 g per 100 g (vaste stowwe*) 0,1 g per 100 ml (vloeistowwe*)
Cholesterol	Laag	20 mg per 100 g (vaste stowwe*) 10 mg per 100 ml (vloeistowwe*)
	Feitlik vry of vry van	5 mg per 100 g (vaste stowwe*) 5 mg per 100 ml (vloeistowwe*)
		en vir albei aansprake, laag en vry van, minder as: 1,5 g versadigde vet en trans vet gekombineer per 100 g (vaste stowwe), of 0,75 g versadigde vet per 100 ml (vloeistowwe) en 10% ** energie uit versadigde vet
Mono- en disakkariede	Feitlik vry of vry van	0,5 g per 100 g/ml
Natrium	Laag	120 mg Na per 100 g (gelyk aan 305 mg NaCl)
	Bale laag	40 mg Na per 100 g (gelyk aan 102 mg NaCl)
	Feitlik vry of vry van	5 mg Na per 100 g (gelyk aan 13 mg NaCl)
Alkohol	Nie-alkoholes	0,5% per volume
	Feitlik vry of vry van	0,05% per volume

* verwys na eindproduk

** persentasie uitgedruk per totale energie van eindproduk

TABEL 1: VOORWAARDES VIR NUTRIËNTINHOUDAANSPRAKE (vervolg)

KOMPONENT B	AANSPRAAK	VOORWAARDES TEN MINSTE
Energie	Bron van Hoog in	80 kJ per 100 ml 950 kJ per 100 g of 250 kJ per 100 ml
Koolhidraat	Hoog in	13 g per 100 g of 6,5 g per 100 ml
1. Dieetvesel (soos gemaat deur die jongste bywerking van die Englyst-metode soos bepaal in die tabel in Riglyn 1)	Bron van Hoog in	2,4 g per 100 g (vaste stowwe) 4,8 g per 100 g (vaste stowwe)
2. Dieetvesel (soos gemaat deur die jongste bywerking van die spesifieke AOAC-metode wat gebruik word wat in die tabel in Riglyn 1 genoem word)	Bron van Hoog in	3 g per 100 g (vaste stowwe) 6 g per 100 g (vaste stowwe)
Proteen	Bron van Hoog in	5 g per 100 g (vas te stowwe*) 2,5 g per 100 ml (vloeistowwe*) en 2,5 g per 418 kJ 10 g per 100 g (vaste stowwe*) 5 g per 100 ml (vloeistowwe*) en 5 g per 418 kJ
Pollonversadigde vetsure (POVS'e)	Bron van Hoog in	$\geq 40\%$ ****POVS'e en $\leq 20\%$ **** versadigde vetsure en < 1 g trans vetsure $\geq 60\%$ ****POVS'e en $\leq 20\%$ **** versadigde vetsure en < 1 g trans vetsure
Mono-onversadigde vetsure (MOVS'e)	Bron van Hoog in	$\geq 36\%$ **** MOVS'e en $\leq 20\%$ **** versadigde vetsure en < 1 g trans vetsure $\geq 60\%$ **** MOVS'e en $\leq 20\%$ **** versadigde vetsure en < 1 g trans vetsure

* verwys na eindproduk

**** van totale energie uit vet

TABEL 1: VOORWAARDES VIR NUTRIËNTINHOUDAANSPRAKE (vervolg)

KOMPONENT B	AANSPRAAK	VOORWAARDES TEN MINSTE
Omega-3-vetsure	Bron van	75 mg per enkelporsie
	Hoog in	150 mg per enkelporsie
	Bale hoog in	300 mg per enkelporsie
Vitamine en minerale Uitgesonder kalium# en natrium	Bron van	15% van NVV** per porsie
	Hoog in	30% van NVV** per porsie
	Bale hoog in	60% van NVV** per porsie
Karotenoëde:		
Betakaroteen	Bron van	0.5 mg per 100 g
	Hoog in	2 mg per 100 g
Likopeen	Bron van	0.5 mg per 100 g ^{**}
	Hoog in	2 mg per 100 g ^{***}
Luteïen	Bron van	0.5 mg per 100 g
	Hoog in	2 mg per 100 g
Seaxantin	Bron van	0.1 mg per 100 g
	Hoog in	0.5 mg per 100 g

* verwys na eindproduuk

** NVV's vir individue ouer as 4 jaar

*** Natgewig

Die aansprake ("bron van" en "hoog in") word toegelaat slegs vir kallum wat *natuurlik* in voedingsmiddels voorkom.

Vergelykende aanspraak

53. (1) Geen aanspraak wat die totale vet, versadigde vet, cholesterol, suiker, natrium of sout, energiewaarde of alkoholvlak van twee of meer soortgelyke voedingsmiddels vergelyk deur een of meer van die volgende woorde of 'n soortgelyke woord: "verminder", "minder as", "minder" of "lig" te gebruik, mag op die etiket of in 'n advertensie van 'n voedingsmiddel gemaak word nie tensy daar aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- (a) Die voedingsmiddels wat vergelyk word, is verskillende weergawes van dieselfde of soortgelyke voedingsmiddels;
 - (b) Die voedingsmiddels wat vergelyk word, is duidelik soos volg geëtiketteer:
 - (i) 'n verklaring word gegee van die omvang van die verskil in die energiewaarde of betrokke nutriënt, of alkohol, uitgedruk as 'n persentasie;
 - (ii) die identiteit van die voedingsmiddel(s) waarmee die voedingsmiddel vergelyk word, verskyn naby die vergelykende aanspraak.
 - (c) Die vergelyking is gebaseer op 'n relatiewe verskil van ten minste 25% in die energiewaarde of nutriënt- of alkoholinhou van 'n gelyke massa of volume (kyk Riglyn 4 vir voorbeeld van hoe die persentasie verskil bereken kan word).
 - (d) Die voedingsmiddel is geëtiketteer met die voorgeskrewe verklaring oor voedingkundige inligting in punt 1 van Aanhangsel 2 bedoel, asook voedingkundige inligting rakende die vergelykende aanspraak ooreenkomsdig die spesifieke nutriënt(e), energie- of alkoholinhou van albei voedsels.
 - (e) Die volgende inligting moet in die aanspraak vermeld word:
 - (i) die spesifieke nutriënt(e) in subregulasie 1 hierbo genoem en/of energie- en/of alkoholinhou, wat ook al op die vergelyking betrekking het;
 - (ii) 'n volledige beskrywing van die twee voedingsmiddels wat vergelyk word (bv volgraan-Provita teenoor volgraanbrood); en
 - (iii) die presiese hoeveelhede van elk van die twee voedingsmiddels wat vergelyk word (bv 3 Provitas teenoor 1 sny bruinbrood).
- (2) Vergelykende aansprake word nie toegelaat nie vir voedingsmiddels waarvoor samestellingstandaarde bestaan ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No.119 van 1990), en die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008), tensy daar in hierdie standaarde spesifiek voorsiening gemaak word om vergelykende aansprake te akkommodeer.
- (3) Voedingsmiddels waarvoor 'n klas- of kategorienaam bestaan ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No.119 van 1990), en die National Regulator for Compulsory Specifications Act, 2008 (Wet No. 5 van 2008), waarin woorde wat 'n vergelykende of nutriëntinhoudaanspraak kan aandui, verskyn en wat in die Riglyn genoem word, word nie as 'n vergelykende of nutriëntinhoudaanspraak beskou nie.

(4) Vergelykende aansprake soos "meer as", "verhoogde" of ander soortgelyke bewoordings word verbied op fisiologies voordelige nutriënte soos vitamiene, minerale, bioflavonofede, karotenoïede of ander voordelige samestellende dele van voedsel.

VRYSTELLING

54. (1) Die volgende bestanddele van 'n voedingsmiddel hoef nie in die lys bestanddele genoem te word nie:

- (a) Behoudens regulasies 19 en 29, samestellende dele van 'n bestanddeel wat tydelik geskei is gedurende die vervaardigingsproses en later in hulle oorspronklike verhoudings weer bygevoeg word;
- (b) enige ander stof as water wat as 'n oplosmiddel of draer gebruik word vir 'n voedselbymiddel of nutriënt en wat gebruik word in 'n hoeveelheid wat in ooreenstemming met goeie vervaardigingspraktyk is; Met dien verstande dat die oplosmiddel of draer nie 'n gewone allergen is wat in hierdie regulasies vermeld word nie en ook nie spore daarvan bevat nie;
- (c) water of ander vlugtige bestanddele wat in die loop van vervaardiging verdamp het.

(2) Die volgende voedingsmiddels hoef nie met 'n lys bestanddele geëtiketteer te word nie:

- (a) asyn wat verkry word deur middel van natuurlike fermentasie uitsluitlik van 'n enkele basiese produk en waarby geen ander bestanddeel gevoeg is nie; of
- (b) 'n voedingsmiddel wat bestaan uit 'n enkele bestanddeel en waarvan die naam die produk duidelik identifiseer.

(3) Tensy anders bepaal in hierdie regulasies, is die volgende voedingsmiddels vrygestel van die vereistes betreffende etikettering, behalwe wanneer 'n voedingaanspraak gemaak word, in welke geval die verpligte voedingkundige inligting in regulasie 51(12) hierbo op die etiket moet verskyn:

- (a) Hoendereiers en volstrulseiers, behalwe 'n datum waarop die eiers verpak is;
- (b) Vars, ongeprosesseerde groente wat nie gemeng is nie;
- (c) Vars, ongeprosesseerde vrugte wat nie gemeng is nie;
- (d) Koringprodukte wat nie vooraf verpak is nie (kaal brood), behalwe inligting in die lys bestanddele, insluitende allergene, wat op versoek by die verkooppunt beskikbaar moet wees;
- (e) enige drank bedoel in die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989): Met dien verstande dat waar gesondheidsverklarings/waarskuwings voorgeskryf word, hierdie feite op die etiket aangedui moet word ooreenkomsdig die bepalings van die Wet;
- (f) ongeprosesseerde vis, ongeprosesseerde seeprodukte, ongeprosesseerde vleis van diere en voëls bedoel in Bylae 1 van die Wet op die Veiligheid van Vleis, 2000 (Wet No. 40 van 2000), wat bedoel is vir menslike verbruik in Suid-Afrika, wat

nie voorafverpak is nie, uitgesonderd rougeprosesseerde vleis waaroor inligting oor die lys bestanddele, insluitende allergene, op versoek by die verkooppunt beskikbaar moet wees;

- (g) ongeprosesseerde vis, ongeprosesseerde mariene produkte, ongeprosesseerde vleis van diere en voëls bedoel in Bylae 1 van die Wet op die Veiligheid van Vleis, 2000 (Wet No. 40 van 2000), wat bedoel is vir menslike verbruik in Suid-Afrika, voorafverpak op so 'n manier dat die koper die inhoud van die pak kan identifiseer, uitgesonderd 'n aanduiding van die tipe dier, vis of voël, en in die geval van rougeprosesseerde vleis, 'n lys bestanddele en 'n aanduiding van die aanwesigheid van 'n gewone allergen waarvan toepassing, soos by hierdie regulasies vereis;
- (h) enige gereed-om-te-eet voedingsmiddel wat berei en verkoop word op die perseel van 'n spysenieringsinstelling vir verbruik, uitgesonderd inligting oor die lys bestanddele, insluitende allergene, wat op versoek by die verkooppunt beskikbaar moet wees;
- (i) onverpakte of deursigtig verpakte porsies van voedingsmiddels wat as versnaperings verkoop word op die perseel waar dit berei word;
- (j) meelgebak wat bedoel is om binne 24 uur na vervaardiging verbruik te word, uitgesonderd inligting oor die lys bestanddele, insluitende allergene, wat op versoek by die verkooppunt beskikbaar moet wees;
- (k) ys, uitgesonderd die naam en adres van die vervaardiger.

HERROEPING

55. Behoudens regulasie 56 word die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.908 van 27 Mei 1977 in soverre dit op voedingsmiddels betrekking het, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R.1389 van 22 Julie 1977, R.1843 van 28 Augustus 1981, R. 2298 van 26 Oktober 1984, R.2567 van 15 November 1985 en R.2034 van 29 Oktober 1993, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R.932 van 30 Junie 1995 en R.129 van 2 Februarie 1996, en die omskrywing van "gluteenvry" en regulasies 5(2)(e) en 5(3)(e) van die Regulasies betreffende Voedingsmiddels vir Babas, Jong Kinders en Kinders (R.1130 van 8 Junie 1984), herroep in soverre dit op voedingsmiddels betrekking het, met ingang van die dag waarop hierdie regulasies in werking tree.

INWERKINGTREDING

56. Hierdie regulasies

- (a) uitgesonderd regulasie 52(5)(a), tree in werking 12 maande na die datum van finale publikasie; en
- (b) regulasie 52(5)(a) tree in werking 3 maande na die datum van finale publikasie.

MINISTER, DR AARON MOTSOALEDI

MINISTER VAN GESONDHEID

INDEKS

Regulasie nommer	Titel of opskrif
1	WOORDOMSKRYWING
2 – 16	ALGEMENE BEPALINGS
Titel van Regulasies en 3	Adverteerbeginsels
2 – 6	Algemeen
7	Aanbieding
8	Lettergroottes
9	Identifisering van produk
10	Land van herkoms
11	Lotidentifisering
12	Datummerke
13	Verbode verklarings
14	Negatiewe aansprake
15	Verpligte waarskuwing op sekere voedingsmiddels
16 – 50	SPESIALE BEPALINGS
16	Seisoenale bestanddele
17 – 21	Volgorde van lys bestanddele
22 – 25	Benoeming van bestanddele
26	Kwantitatiewe verklaring van bestanddele (KVB)
27	Saamgestelde bestanddele
18, 28	Bygevoegde water
29	Vette en olies
30, 50(2)	Massavoorraad
31	Klein pakkies
32	Bergingsinstruksies
33	Voedselverkoopmasjiene
34	Illustrasievoorstelling
35	Etikettering van voedselbymiddels wat as sodanig verkoop word
36 – 42	Aanduiding van voedselbymiddels op etikette
42 en 43 – 46	Allergene
47	Misleidende beskrywings
48	Vegetariese aansprake
49	Bestraalde voedingsmiddels
50	VOEDINGKUNDIGE INLIGATION

51 – 53	AANSPRAKE
51	Algemene vereistes
52	Aansprake rakende nutriëntinhoud
53	Vergelykende nutriëntaansprake
54	VRYSTELLINGS
55	HERROEPING
56	INWERKINGTREDING

Aanhangsel nommer	Titel van Aanhangsel
AANHANGSEL 1	Kategorieë bymiddels wat aan hulle kategoriename geïdentifiseer kan word in 'n lys bestanddele
AANHANGSEL 2	Voorgeskrewe verklaring van voedingskundige inligting: formaat en omskakelingsfaktore
AANHANGSEL 3	Nutriëntverwysingswaardes vir die doel van voedseletikettering
AANHANGSEL 4	Lys voedingmiddels vrygestel van 'n datum van duursaamheid
AANHANGSEL 5	Evaluering van proteïenengehalte vir die doel van wanneer 'n proteïenaanspraak gemaak word
AANHANGSEL 6	Die wyse van uitdrukking van die waardes van energie, nutriënt of ander stowwe wat voorkom in voedingmiddels in die tabel van voedingskundige inligting

AANHANGSEL 1**KATEGORIEË BYMIDDELS WAT GEIDENTIFISEER KAN WORD AAN HULLE KATEGORIENAAM
IN 'N LYS BESTANDDELE**

- *Sure
 - *Suurheidsreguleerders
 - *Antikoekmiddels
 - *Antiskuimmiddels
 - *Vulstowwe
 - *Draeroplossers
 - *Kougombasisse
 - *Newelmiddels
 - *Kleurbehoudmiddels
 - *Kleurmiddels (uitgesonderd tartrasien)
 - *Chemies gemodifiseerde stysels
 - *Emulgeermiddels
 - *Emulgeersoute
 - *Ensieme ##
 - *Verstyfmiddels
 - *Geurmiddels
 - *Geurverbeteraars (uitgesonderd MSG en natriumchloried)
 - *Meelverbeteraars (meelbehandelingsmiddels)
 - *Skuimmiddels
 - *Jelmiddels ##
 - *Verglansmiddels
 - *Kruie of gemengde kruie en spyserye of gemengde speserye, soos gepas
 - *Bevogtigers
 - *Dryfmiddels
 - *Rysmiddels
 - *Sekwestreermiddels
 - *Stabiliseerders
 - *Stysels
 - *Verdikkers
- ## Verwys na regulasie 49 en Riglyn 8**

AANHANGSEL 2

VERKLARING VAN MINIMUM VERPLIGTE VOEDINGKUNDIGE INLIGTING

1. Formaat

Die voorgeskrewe "verklaring van voedingkundige inligting" beteken die volgende minimum verpligte voedingkundige inligting in die voorgeskrewe formaat op enige voedingsmiddel met voedingkundige inligting op die etiket.

TIPIESE VOEDINGKUNDIGE INLIGTING (soos verpak / gereed om te eet)

Gekwantifiseerde enkelporsiegrootte uitgedruk in gram of milliliter, wat ook al gepas is

	Per 100 g/ml	Per enkelporsie
Energie (kJ)		
Proteïen (g)		
Glisemiese koolhidraat (g)		
Waarvan totale suiker (g)		
Totale vet (g)		
Versadigde vet (g)		
**		
**		

Dleetvesel# (g)		
Totale natrium (mg)		
• Enige ander nutriënt of voedselkomponent wat ingevolge regulasies moet word	Aangedui in gram (g), milligram (mg), mikrogram (mkg/µg), of geskikte meeteenheid)	Aangedui in gram (g), milligram (mg), mikrogram (mkg/µg), of geskikte meeteenheid)
• in alfabetiese orde, In die volgorde: vitamiene, minerale, ander.		

*Nutriëntverwysingswaardes (NVW's) vir individue 4 jaar en ouer (kyk Aanhangsel 3) uitgedruk per enkelporsie is opsioneel.

Die verklaring wat by regulasie 50(4) vereis word, moet hier geplaas word, soos gepas.

** Plek vir 'n subgroepnutriënt, soos mono-onversadigde vet, polionversadigde vet, omega-3-vetsure ens.

*** Plek om cholesterol in te voeg wanneer cholesterolinligting verstrek word.

Dul ontledingsmetode aan wat gebruik is om dleetvesel te bepaal.

AANHANGSEL 2 (vervolg)
VERKLARING VAN MINIMUM VERPLIGTE VOEDINGKUNDIGE INLIGTING

2. Energie-omskakelingsfaktore

By die berekening van die energiewaarde van 'n voedingsmiddel vir die doel van die verklaring van voorgeskrewe energie in hierdie Aanhangsel bedoel, moet die volgende omskakelingsfaktore gebruik word:

- (a) Energie: 1 kkal gelyk aan 4,18 kJ;
- (b) 1 g beskikbare koolhidrate¹ uitgedruk as monosakkariede en/of disakkariede word geag 17 kJ by te dra. Wanneer uitgedruk as monosakkarideekwivalente moet 'n omskakelingsfaktor van 16 kJ egter gebruik word;
- (c) 1 g stysel en glikoegen word geag 17 kJ by te dra;
- (d) 1 g koolhidraat wat die kolon bereik, word geag 8 kJ by te dra, uitgesonderd polidekstroze, frukto-oligosakkariede, inulien en mieliesemels;
- (e) 1 g polidekstroze word geag 5 kJ by te dra;
- (f) 1 g gliserol word geag 18 kJ by te dra;
- (g) 1 g poliol nie hier onder gespesifieer nie, word geag 10 kJ by te dra;
- (h) 1 g eritritol word geag 1 kJ by te dra;
- (i) 1 g isomalt² word geag 8 kJ by te dra;
- (j) 1 g laktitol word geag 11 kJ by te dra;
- (k) 1 g maltitol word geag 16 kJ by te dra;
- (l) 1 g mannitol word geag 9 kJ by te dra;
- (m) 1 g sorbitol of xilitol word geag 14 kJ by te dra;
- (n) 1 g frukto-oligosakkariede en inulien³ word geag 6 kJ by te dra;
- (o) 1 g mieliesemels word geag 1,3 kJ by te dra;
- (p) 1 g proteïen word geag 17 kJ by te dra;
- (q) 1 g alkohol (etanol) word geag 29 kJ by te dra;
- (r) 1 g vet word geag 37 kJ by te dra;
- (s) Nuwe vette:
Salatrim⁴, algemene familie: 1 g word geag 22 kJ by te dra
Olestra®: 1 g word geag 0 kJ by te dra;
- (t) 1 g organiese suur word geag 13 kJ by te dra.

1. FAO Food and Nutrition Paper no 77: Food Energy – methods of analysis and conversion factors
2. Life Science Research Office (LSRO); Federation of American Societies for Experimental Biology (1994), The Evaluation of the Energy of Certain Sugar Alcohols used as Food Ingredients
3. Roberfroid M. B. (1999) Caloric value of inulin and oligofructose. J Nutr. 129: 1436S-1437S.
4. Salatrim beteken ewekansige kort- en langketting-triestriglycerolmoleküles.

3. Proteïenomskakelingsfaktore

FAKTORE OM TOTALE STIKSTOF NA PROTEIEN OM TE SKAKEL

	FAKTOR
Vleis, Pluimvee en Vis	6,25
Eiers:	
*Heel	6,25
*Albumien	6,32
*Vitellien	6,12
Melk en melkprodukte	6,38
Kaseïen	6,40
Mensmelk	6,37
Soja	6,25
Bone	6,25
Neute:	
*Amandels	5,18
*Brasiliaanse neute en grondbone	5,46
*Ander	5,30
Gelatien	5,55
Oliesade	5,30
Grane:	
*Durumkoring	5,70
*Koring:	
**Vol	5,83
**Semel	6,31
**Embrio	5,80
**Endosperm	5,70
*Rys	5,95
*Gars, hawer en rog	5,83
*Manna	6,31
*Mielies	6,25
Sjokolade en kakao	4,74
Sampioene	4,38
Gis	5,70
Saamgestelde voedsels (gemengde proteïene)	6,25

AANHANGSEL 3

NUTRIËNTVERWYSINGSWAARDES (NVW's) VIR DOELEINDES VAN HIERDIE REGULASIES

NUTRIËNT	Meeteenheid	INDIVIDUE 4 JAAR EN OUER
Proteïen	g	56
Vitamien A	µg ^a	900
Vitamien B ₁ of tiamien	mg	1,2
Vitamien B ₂ of riboflavien	mg	1,3
Nikotiensuur, nikotienamied of niasien	mg	16
Vitamien B ₆ of piridoksiën	mg	1,7
Foliensuur of folaat	µg	400
Vitamien B ₁₂ of sianokobalamien	µg	2,4
Biotien	µg	30
Pantoteensuur	mg	5
Vitamien C of askorbiensiur	mg	90
Vitamien D	µg ^b	15
Vitamien E	mg TE ^c	15
Vitamien K	µg	120
Kalsium	mg	1 300
Chroom	µg	35
Koper	mg	0,9
Jodium	µg	150
Yster	mg	18
Magnesium	mg	420
Mangaan	mg	2,3
Molibdeen	µg	45
Fosfor	mg	1 250
Selen	µg	55
Sink	mg	11
Kolien	mg	550

Die waardes wat in hierdie tabel gebruik word, is gebaseer op Aanbevole Dieettoelatings (ADT's) wat in die behoeftes van byna alle (97 tot 98%) gesonde individue sal voorsien om nutriëntkorte te voorkom. ADT-waardes is nie noodwendig genoeg om optimum voedingkundige status te handhaaf en chroniese siekte te voorkom nie. Hierdie waardes word dus beskou as die minimum hoeveelhede wat nodig is om optimum voedingkundige status te behaal en te handhaaf wat sal help met die vermindering van siekte, veral degeneratiewe lewenstysiektes.

- a Retinolekwivalente (RE) = 1 mkg retinol = 3,33 I.E. (Internasionale eenhede) vitamien A = 12 mkg trans betakaroteen = 24 mkg ander provitamien A-karotenoïede, uitgesonderd karotenoïede van rooi palmolie, rooi palmoliekarotenoïede = 2 mkg rooi palmoliekarotenoïede;
- b As kolekalsiferol: 1 mkg kolekalsiferol = 40 I.E. vitamien D; en
- c As d alfatokoferol: mg = TE. 1 mg (d alfatokoferol) = 1,49 I.E. vitamien E.

AANHANGSEL 4**LYS VOEDINGSMIDDELS EN BESTANDDELE WAT VAN 'N DUURSAAMHEIDS DATUM VRYGESTEL IS**

- Enige alkoholiese drank soos beskryf in die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet 60 van 1989)
- Kougom
- Banketprodukte bestaande uit gegeurde en/of gekleurde suikers
- Vars vrugte en groente wat nie afgeskil of gesny of op soortgelyke wyse behandel is nie
- Geprosesseerde vleisprodukte soos biltong en droë wors wat nie voorafverpak is nie
- Heuning, uitgesonderd die datum waarop die heuning vooraf verpak is
- Gereed-om-to-eet meelbanket, mits die datum van vervaardiging aangedui word op die etiket of in die onmiddellike nabijheid waar die produkte uitgestal word
- Suikers
- Ongeprosesseerde, onverpakte vis, ongeprosesseerde, onverpakte vleis en pluimvee wat nie vooraf verpak is nie
- Asyn.

AANHANGSEL 5

**EVALUASIE VAN PROTEÏENGEHALTE VIR DIE DOEL VAN WANNEER 'N
PROTEÏENAANSpraak GEMAAK WORD**

1. Die verwysingsaminosuurpatroon* bevat (per 1 g proteïen):

Histidien	13,5	mg
Isoleusien	25,0	mg
Leusien	49,0	mg
Lisien	40,0	mg
Metionien plus sistien	20,0	mg
Fenilalanien plus tirosien	35,00	mg
Treonien	20,50	mg
Triptofaan	5,6	mg
Valien	32,5	mg

*2007 FAO/WHO/UNU voorgestelde patroon van gemiddelde aminosuurbehoeftes vir kinders (1-10 jaar)

2. Sjabloon

Verwysingsaminosuurpatroon per 1 g proteïen*	Voorbeeldvoedsel		Aminosure uitgedruk as % van verwysingsaminosure
	<i>Bron van Inligting**</i>	<i>Ontledde aminosure (g) In 100 g eetbare voedsel/...g totale proteïen</i>	
Histidien (g)	0.0135	Omskakeling tot aminosure (g) in 1 gram proteïen in voedsel	Afgerond tot 2 desimale punte (0.00)
Isoleusien (g)	0.025		
Leusien (g)	0.049		
Lisien (g)	0.04		
Metionien plus sistien (g)	0.02		
Fenilalanien plus tirosien (g)	0.035		
Treonien (g)	0.0205		
Triptofaan (g)	0.0056		
Valien (g)	0.0325		

*2007 FAO/WHO/UNU voorgestelde patroon van gemiddelde aminosuurbehoeftes vir kinders (1-10 jaar)

** Bron van Inligting

3a. Voorbeeld 1: Afgeroomde melk, vars (voldoen wat proteïengehalte betref)

Verwysingsaminosuurpatroon per 1 g proteïen*	Afgeroomde melk, vars		Aminosure uitgedruk as % van verwysingsaminosure		
	Bron van inligting: MNR-tabelle Kode: 0072 (nuwe kode 2775)**	Ontlede aminosure (g) in 100 g eetbare voedsel / 3.4 g totale proteïen		Omskakeling na aminosure (g) in 1 gram proteïen in voedsel	Afgerond tot 2 desimale punte (0.00)
Histidien (g)	0.0135	0.092	0.027058824	200.44	✓
Isoleusien (g)	0.025	0.206	0.060588235	242.35	✓
Leusien (g)	0.049	0.334	0.098235294	200.48	✓
Lisien (g)	0.04	0.27	0.079411765	198.53	✓
Metionien sistien (g)	plus	0.02	0.034705882	173.53	✓
Fenilalanien tirosien (g)	plus	0.035	0.097058824	277.31	✓
Treonien (g)	0.0205	0.154	0.045294118	220.95	✓
Triptofaan (g)	0.0056	0.048	0.0141117647	252.10	✓
Valien (g)	0.0325	0.228	0.067058824	206.33	✓

*2007 FAO/WHO/UNU voorgestelde patroon van gemiddelde aminosuurbehoeftes vir kinders (1-10 jaar)

**Vetsuur- en aminosuursamestellingstabelle – Byvoegsel by MNR-voedselsamestellingstabelle (1991)

3b. Voorbeeld 2: Grondboontjiebotter, glad (nievoldoende wat proteïengehalte betref)

Verwysingsaminosuurpatroon per 1 g proteïen*	Grondboontjiebotter, glad		Aminosure uitgedruk as % van verwysingsaminosure		
	Bron van inligting: MNR-tabelle Kode: 6509 (nuwe kode 3485)**	Ontlede aminosure (g) in 100 g eetbare voedsel / 24.6 g totale proteïen	Omskakeling na aminosure (g) in 1 gram proteïen in voedsel	Afgerond tot 2 desimale punte (0.00)	
Histidien (g)	0.0135	0.622	0.025284553	187.29	✓
Isoleusien (g)	0.025	0.865	0.035162602	140.65	✓
Leusien (g)	0.049	1.594	0.064796748	132.24	✓
Lisien (g)	0.04	0.883	0.035894309	89.74	✗
Metionien sistien (g)	plus	0.02	0.012276423	61.38	✗
Fenilalanien tirosien (g)	plus	0.035	0.051829268	148.08	✓
Treonien (g)	0.0205	0.842	0.034227642	166.96	✓
Triptofaan (g)	0.0056	0.239	0.009715447	173.49	✓
Valien (g)	0.0325	1.031	0.041910569	128.96	✓

*2007 FAO/WHO/UNU voorgestelde patroon van gemiddelde aminosuurbehoeftes vir kinders (1-10 jaar)

**Vetsuur- en aminosuursamestellingstabelle – Byvoegsel by MNR-voedselsamestellingstabelle (1991)

AANHANGSEL 6

**DIE WYSE VAN UITDRUKKING VAN ENERGIE-, NUTRIËNT- OF ANDER
SUBSTANSIEWAARDES, INSLUITENDE DIE NUTRIËNTVERWYSINGSWAARDES, IN DIE
TABEL MET VOEDINGKUNDIGE INLIGTING**

Inligting	Wyse van uitdrukking
Energiewaarde	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 1 kJ
Hoeveelheid vet	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid versadigde vetsure	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid trans vet	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid polionversadigde en mono-onversadigde vetsure	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid omega-3-vetsure	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 1 mg
Hoeveelheid cholesterol	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 1 mg
Hoeveelheid natrium	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 1 mg
Hoeveelheid koolhidraat	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 1 g
Hoeveelheid dieetvesel	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid oplosbare vesel	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid onoplosbare vesel	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid suikers	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Hoeveelheid proteïen	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 g (1 desimale plek)
Aminosure	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 mg (1 desimale plek)
Hoeveelheid vitamiene	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 mg, 1 mikrogram of 1 IE

Hoeveelheid minerale	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 mg of 1 mikrogram
Hoeveelheid bioflavonoëde of karotenoëde	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste veelvoud van 0.1 mg of 1 mikrogram
Nutriëntverwysingswaardes (NVW's)	Die hoeveelheid word afgerond tot die naaste 1%

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531